



## Ai, die petrolprys…

Piet is 'n student wat die vakansie by sy ma-hulle wil gaan kuier in Pretoria. Hy het net R 1 300 om te spandeer aan vervoerkoste. Kyk na die gegewe inligting en bereken of hy dit sal kan bekostig.

1. Hierdie is 'n uittreksel uit sy motorhandboek, waarin hy elke keer opskryf, wanneer hy petrol ingooi. Hierdie was 'n vorige keer toe hy langpad gery het en elke keer die tenk volgemaak het.

| Datum | Hoeveelheid brandstof (ℓ) | Bedrag (R) | Prys (c/ℓ) | Odometer (km) |
|---|---|---|---|---|
| 14/06/2005 | 47,05 | 233,84 | 497 | 91367 |
| 15/06/2005 | 52,43 | 265,82 | 507 | 91998 |
| 16/06/2005 | 42,63 | 218,69 | 513 | 92528 |
| 05/07/2005 | 40,76 | 206,25 | 506 | 93026 |

2. Hier is Piet se roetekaart na Pretoria. Die motor se tenk kan 60 liter petrol neem.




3. Die petrolprys in Stellenbosch is 552 c/ℓ, maar in Bloemfontein is dit 569 c/ℓ.